

Foto deur: F & D van Wyk

# DIE GROENKOPEEND OP ONS DAMME

Baie van ons inwoners het seker al die pragtige Groenkopeend mannetjie, wat tans in sy spoggerige broeikleure pronk , op ons dammetjies by die gholfbaan in Midfields waargeneem. Die kop en nek is 'n helder metaalgroen, die bors rooibruin en die snawel oranje geel. Die middelste swart omgekrulde stertvere is uniek en dit onderskei hom van alle ander eendspesies . Behalwe die pers spekulum, wat by beide geslagte voorkom, vertoon die wyfie met haar bruin gevlekte vere en grys-groen snawel, eerder onopvallend. In sy eklips veredrag, lyk die mannetjie amper soos die wyfie.

Nadat die mannetjie die broeiplek gekies het, berei die wyfie die nes voor, meestal in 'n holte op die grond maar soms ook in struike of boomstompe of selfs in ou kraaineste. Sy lê 7 tot 12 eiers, wat met uitgeplukte donsvere beskerm word. Die kuikens lyk soos swartbruin donsballetjies met geel gesigte en is dadelik gereed vir hulle eerste swemles.
Die Groenkopeend teel maklik en pas by verskillende lewens- en omgewingstoestande aan. Die eende is omnivore en vreet omtrent alles wat voorkom en is dag- en nagaktief. Hulle is kultuurvolgers en vestig hulle graag naby menslike nedersettings. Hierdie eienskappe het die Groenkopeende een van die belangrikste stamouers van die Europese huiseend gemaak.

In Figure 1 en 2 word 'n mannetjie en 'n wyfie van 'n opregte Groenkopeend getoon. In Figure 3, 4 en 5 word die baster Groenkopeende gewys, wat tans op ons dammetjies by die gholfbaan tuis is. Die wit baster eend word aan sy oranje snawel uitgeken en is 'n kruisteling met huiseende.

Die Groenkopeend is in die 1940s van Europa ingevoer en vrygelaat en het baie gou aangepas en vinnig versprei. In die Suid-Afrika streek, deel die Groenkopeend hoofsaaklik 'n nis met ons inheemse Geelbekeend . Hy is ook die naaste verwante aan hierdie spesie en het gou met hom, maar soms ook met die Swart- en Kaapse Slopeend, begin kruisteel, wat vinnig tot verbastering lei. Die basters is vrugbaar en bring nuwe basters voort, wat uiteindelik die suiwerheid van ons inheemse eende se geenpoel kan vernietig. So is die Groenkopeende op ons damme ook al uitgebaster en verskil van die oorspronklike suiwer Europese ras.



Foto deur: F & D van Wyk

Alhoewel die verbastering groot bekommernis vir natuurbewaring veroorsaak, is die Groenkopeend in ons nuwe voëlboeke en literatuur as 'n volwaardige nuwe eendspesie opgeneem.




Fig.: 1



Fig.: 2



Fig.: 3



Fig.: 4




Fig.: 5

Geborg deur:
Sponsored by:

AULA

Verhurings/Rentals
Midrand Estates
012 940 9353
www.aulaprop.co.za